**IN DIE Hoë HOF VAN SUID-AFRIKA**
**(Noord-Kaapse Hoë Hof, Kimberley)**

Rapporteerbaar: Nee
Sirkuleer onder Regters: Ja
Sirkuleer onder Landdroste: Nee
Sirkuleer onder Streeklanddroste: Nee
Saak No: **CA&R 24/2015**
Saak Aangehoor: 03/08/2015
Datum gelewer: 07/08/2015

In die saak tussen:

**HEINRICH MAJIEDT** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

Coram: Olivier R et Lever WnR

**UITSPRAAK**

**Olivier R:**

[1]. Die appellant het in die Landdroshof te Calvinia tereggestaan op twee aanklagte van huisbraak met die opset om te steel en diefstal. In die geval van aanklag 1 was die diefstal van ondermeer oorringe tersprake. Die appellant het op beide aanklagte onskuldig gepleit en van sy swygreg gebruik gemaak. By sluiting van die saak vir die vervolging is die appellant op aanklag 2 vrygespreek en ontslaan

ingevolge die bepalings van Artikel 174 van die Strafproseswet[1]. Daarna het die appellant sy saak ten aansien van aanklag 1 gesluit sonder om enige getuienis aan te bied.

[2]. Die appellant is uiteindelik ten aansien van aanklag 1 skuldig bevind aan 'n oortreding van die bepalings van Artikel 37(1)(a) van die Algemene Regswysigingswet[2]. Vir doeleindes van hierdie appèl sal van die standpunt uitgegaan word dat hierdie 'n bevoegde uitspraak was op die aanklag van huisbraak met die opset om te steel en diefstal[3].

[3]. Die skuldigbevinding is uitsluitlik gebaseer op bevindings dat die oorringe "*gesteelde goed*" was wat die appellant "*verkry of in sy ... besit ontvang* (het) *sonder om redelike gronde daarvoor te hê ...*" soos bedoel in die gemelde bepalings.

[4]. Op petisie is aan die appellant verlof verleen om teen sy skuldigbevinding te appelleer, en is verder gelas dat stappe geneem moes word om enige gedeeltes van die verrigtinge wat nie getranskribeer sou wees nie en wat relevant sou wees vir doeleindes van die appèl, te rekonstrueer.

[5]. By die lees van die oorkonde blyk dit dat meerdere gedeeltes van die getuienis nie duidelik hoorbaar was by transkripsie van die

---

[1] 51 van 1977

[2] 62 van 1955

[3] Sien artikel 262 (1) van die **Strafproseswet**, 51 van 1977, **S v Maunye and Others** 2002 (1) SACR 266 (T) para's [33] & [34] en **S v Nell** 2009 (2) SACR 37 (C) para's [27] – [29], maar vergelyk **S v Chauke and Another** 1998 (1) SACR 354 (V)

verrigtinge nie. Ander gedeeltes van die getuienis is glad nie getranskribeer nie. Uit 'n skrywe van die Klerk van die Hof, en 'n beëdigde verklaring van Me SE Du Toit van die Regshulpraad, blyk dit dat die betrokke voorsittende beampte intussen oorlede is en dat die beampte van die Regshulpraad wat destyds die appellant verteenwoordig het reeds in April 2012 die diens van die Regshulpraad verlaat het. Gevolglik gaan 'n rekonstruksie van die ontbrekende verrigtinge ook nie moontlik wees nie. Dit maak dit nodig om te oorweeg of die appèl sinvol bereg kan word op die oorkonde soos wat dit tans daaruitsien.

[6]. Sou dit nie die geval wees nie, sou die skuldigbevinding moontlik op hierdie basis tersyde gestel moes word, want dit is duidelik dat die appellant nie verkwalik kan word vir die feit dat daar nie 'n behoorlike oorkonde beskikbaar is nie en ook dat hy tydig stappe geneem het om te appelleer[4].

[7]. Wat wel kommerwekkend en skokkend is, is die besondere lang tyd wat verloop het vandat daar so lank terug as in April 2011 aan die appellant verlof verleen is om te appelleer. Die bevel wat op petisie verleen is, dra die Landdroskantoor te Calvinia se datumstempel van 12 Mei 2011. Dit blyk uit Me Du Toit se voormelde verklaring dat sy sedert Februarie 2011 by meerdere geleenthede by wyse van eposse navraag gedoen het oor die vordering met die petisie, meer spesifiek by ene Me Carin van Schalkwyk. Sy meld nie enige terugvoer van die kant van Me Van Schalkwyk nie. Toe Me Du Toit

---

[4] Vergelyk **S v Van Staden** 2008 (2) SACR 626 (NC)

uiteindelik op 3 Maart 2015 persoonlik gaan navraag doen het, by daardie geleentheid by 'n ander beampte (Me Jenely Titus) van die Landdroskantoor te Calvinia, het laasgenoemde na Me Van Schalkwyk se kantoor gegaan en teruggekeer met ‘n skrywe waaruit geblyk het dat daardie kantoor reeds op 12 Mei 2011 deur die Griffier in kennis gestel is dat die petisie suksesvol was. Hierdie is natuurlik totaal onaanvaarbaar en stel ‘n growwe skending van die appellant se regte daar, meer nog in die lig van die uitslag van hierdie appèl. Ek is gevolglik van voorneme om te gelas dat ondersoek ingestel word na hierdie toedrag van sake.

[8]. Die getuienis van Mnr Oncke, die eienaar van die betrokke huis, aangaande die inbraak en die diefstal van onder andere die oorringe is getranskribeer en vorm deel van die oorkonde, en so ook die getuienis van Me SM Lombaard, wie se getuienis was dat sy oorringe vanaf die appellant ontvang het.

[9]. Stellings wat namens die appellant in kruisverhoor aan Me Lombaard gemaak is, het gesuggereer dat Mnr J Domburg ‘n verdagte was. Mnr Domburg is wel geroep om namens die vervolging te getuig. Kort nadat sy hoofondervraging begin het, is hy op aansoek van die aanklaer verklaar tot ‘n vyandige getuie en is sy getuienis onderbreek vir ‘n binneverhoor rondom die verklaring van Mnr Domburg. Dit is onduidelik waarom hierdie prosedure gevolg is, maar dit is nie nodig vir doeleindes van hierdie appèl om daaroor te beslis nie. Die feit is dat die getuienis in die

binneverhoor, en ook enige verdere getuienis van Mnr Domburg, nie getranskribeer is nie.

[10]. Verder blyk dit dat Mnre Van Rooyen en Booysen op 'n stadium gewaarsku is om by 'n volgende verhoordatum as staatsgetuies teenwoordig te wees. Dit blyk asof hulle getuienis sou geslaan het op aanklag 2. Indien hulle wel later geroep is om te getuig, is ook hulle getuienis nie getranskribeer nie.

[11]. Dit blyk nie of daar dalk ook verdere getuies vir die vervolging getuig het nie, en ook die verrigtinge in die aansoek ingevolge artikel 174 van die Strafproseswet is nie getranskribeer nie.

[12]. Ek meen egter dat die appèl wel op die beskikbare getuienis afgehandel kan word. Soos reeds gemeld, slaan die skuldigbevinding slegs op die oorringe. Dit blyk uit die transkripsie van die uitspraak dat daar in hierdie verband slegs melding gemaak is van die getuienis van Mnr Oncke en Me Lombaard. Daar is in hierdie verband bevind dat die oorringe wat 'n polisiebeampte volgens die getuienis van Mnr Oncke later aan hom oorhandig het, die gesteelde oorringe was, en dat die appellant vroeër daardie oorringe aan Me Lombaard oorhandig het, wat dan beteken het dat die appellant dit op een of ander vroeëre stadium in sy besit moes ontvang het. Daar is geen suggestie in die uitspraak dat enige van die ongetranskribeerde getuienis 'n impak sou kon hê op hierdie bevindinge nie.

[13]. Na my oordeel was die getuienis wat voor die Hof gedien het ten aansien van die oorringe totaal onvoldoende om die voormelde bevindinge te regverdig.

[14]. Mnr Oncke se dogter, aan wie die oorringe volgens sy getuienis behoort het en wat volgens hom uiteindelik die oorringe aan 'n polisiebeampte geïdentifiseer het as haar gesteelde eiendom[5], is nooit geroep om te getuig nie, en daar is geen verklaring hiervoor nie. So ook nie die betrokke polisiebeampte nie. Die gevolg is dat daar geen eerstehandse getuienis voor die Hof was rondom die identifikasie van die oorringe nie, selfs al was die bevindinge ook geregverdig dat Me Lombaard sekere oorringe van die appellant ontvang het en dat sy dit op haar beurt weer aan die polisie oorhandig het. Daar was in elk geval ook nie getuienis met betrekking tot wie die betrokke polisiebeampte/s was wat die oorringe hanteer en bewaar het voordat dit toe aan Mnr Oncke se dogter getoon is nie.

[15]. Mnr Oncke se getuienis oor die voorkoms van die oorringe wat deur die polisiebeampte gebring is, welke beskrywing moontlik geargumenteer sou kon word in ooreenstemming te gewees het met die beskrywing daarvan deur Me Lombaard, neem sonder die getuienis van Mnr Oncke se dogter ook nog nie die saak verder nie.

[16]. Die betrokke oorringe is in elk geval nooit aan die Hof voorgehou sodat die voorsittende beampte homself kon tevrede stel met

[5] Die voorsittende beampte se bevinding dat Mnr Oncke die oorringe uitgeken het, was duidelik verkeerd.

betrekking tot die voorkoms daarvan nie[6]. In die lig van die afwesigheid van die getuienis van Mnr Oncke se dogter, is dit ook nie nodig om te beslis of die kenmerk van die oorringe wat in hierdie geval uitgelig is deur Me Lombaard en Mnr Oncke genoegsaam uniek was om die voorsittende beampte se bevinding dat dit wel die gesteelde oorringe was, te regverdig nie. Mnr Oncke se getuienis in hierdie verband het verwys na 'n kenmerk op grond waarvan sy dogter die oorringe sou uitgeken het, en dit het nie geblyk of sodanige uitkenning in sy teenwoordigheid geskied het en of dit moontlik so aan hom oorgedra is deur sy dogter of iemand anders nie.

[17]. Dit maak dit onnodig om oorweging te verleen aan die vraag of die vervolging in elk geval getuienis aangebied het dat die appellant die oorringe ontvang het op 'n wyse soos beoog in artikel 37 (1), 'n punt uitgelig in die besonder volledige en behulpsame betoogshoofde van Mnr V Z Nel, die advokaat van Regshulp Suid-Afrika wat die appellant verteenwoordig het.

[18]. Die getuienis van staatsweë aangaande die oorringe was van so 'n aard dat dit geen weerleggingslas op die appellant geplaas het nie[7].

[19]. Na my oordeel behoort die appèl dus te slaag en word die volgende bevele hierin gemaak:

---

[6] Vergelyk **S v Tieties en 'n Ander**, 'n ongerapporteerde uitspraak wat op 7 November 2001 onder saaknommer 464/01 in hierdie Afdeling gelewer is, asook **S v Nxamashe**, eweneens 'n ongerapporteerde uitspraak wat op hersiening in hierdie Afdeling gelewer is op 2 Augustus 2001, onder saaknommer 464/01.

[7] Vergelyk **S v Manamela and Another (Director-General of Justice Intervening)** 2000 (1) SACR 414 (CC)

1. **DIE APPèL SLAAG EN DIE SKULDIGBEVINDING EN VONNIS WORD TERSYDE GESTEL.**
2. **HIERDIE UITSPRAAK MOET ONDER DIE AANDAG GEBRING WORD VAN MNR R ISAACS, DIE DIREKTEUR VAN DIE DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN GRONDWETLIKE ONTWIKKELING : STREEKKANTOOR, NOORDKAAP, VIR DIE ONDERSOEK VAN DIE VERTRAGING IN DIE BEKENDMAKING VAN DIE UITSLAG VAN DIE PETISIE AAN DIE APPELLANT EN SY REGSVERTEENWOORDIGER.**

______________________

**C J OLIVIER**
**REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

**Ek stem saam.**

______________________

**L LEVER**
**WAARNEMENDE REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

**Nms Appellant: Adv V Z Nel, Regshulp Suid-Afrika**

**Nms Respondent: Adv Q H Hollander, Kantoor van die Direkteur van Openbare Vervolgings, Noordkaap**